Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

*IAFRHL1*

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

## Eet jouself POSITIEF!

*Gemorskos is nie net sleg vir jou liggaam nie, dis sleg vir jou brein en maak jou depressief. Nuwe navorsing toon jy kan met 'n paar dieetveranderinge jou gemoed ophelder.*

1 Dis ou nuus dat burgers, skyfies en pizzas nie juis goed vir jou lyf is nie. Te veel daarvan kan ook tot hartsiektes en algemene swak gesondheid lei. Is gemorskos trooskos wat jou dadelik beter laat voel? Wat die meeste mense vergeet, is dat die brein deel van die liggaam en dus sentraal by gevoelens en gewaarwordinge betrokke is. Wat sleg is vir die liggaam, gaan sleg wees vir die brein.

2 'n Uitgebreide, nuwe studie van navorsers in Brittanje, Frankryk, Spanje, Australië en die VSA het die verband tussen dieet en depressie ondersoek. Altesaam 32 908 volwassenes het aan 41 studies oor die verband tussen dieet en depressie deelgeneem. Die belangrikste bevinding is dat gemorskos met baie vet en suiker of verwerkte kosse sistemiese inflammasie in die maag, maar ook die hele liggaam bevorder. Die impak van 'n swak dieet is dieselfde as 'n rookgewoonte, besoedeling, vetsug en te min oefening. Hierdie soort chroniese inflammasie affekteer breinmolekules en neurotransmittors wat die gemoedstoestand reguleer.

3 Volgens dr. Camille Lassale, die leier van die studie, verbonde aan die departement van epidermiologie en openbare gesondheid van die Universiteitskollege van Londen, verhoog 'n slegte dieet die risiko van depressie aansienlik. Dr. Cosmo Hallstrom, 'n depressie-spesialis van die Koninklike Kollege van Psigiaters in Londen, bevestig dit: "Die chemiese samestelling van die maag stem baie ooreen met dié van die brein. Dus is dit nie verrassend dat dinge wat die maag affekteer, ook die brein affekteer nie." Prof. Helen S. Lampard, voorsitter van die Koninklike Kollege van Algemene Praktisyns, beaam dat hierdie grootskaalse studie verdere bewyse verskaf dat 'n gesonde dieet ons gemoed verbeter en ons meer energie gee. Volgens haar beveel al meer algemene praktisyns (in Engeland) aan dat hul pasiënte 'n sinvolle dieet volg en lewenstylveranderinge maak as deel van 'n holistiese benadering vir die behandeling van chroniese siektes, omdat dit verskeie positiewe invloede op hul pasiënte se fisieke en geestelike gesondheid het.

4 Een uit ses volwasse Britte ervaar depressie en angsaanvalle. Daar bestaan nou sterk argumente ten gunste van dieet in die hoofstroom van psigiatriese medisyne, volgens een van die navorsers van die studie. Die voordele van 'n verbeterde dieet in die stryd teen depressie word ook deur onlangse proefnemings gesteun. Weereens is transvette uitgewys as die groot sondebokke.

Wetenskaplikes aan die San Diego-universiteit het die transvetsuur in die dieet van 1 699 mans en 3 293 vroue ontleed en hul emosionele reaksies gemeet en gevind dat kitskos mense depressief en minder in beheer van hul emosies maak. Individue met 'n hoër inname van transvette het gesukkel met "emosionele bewustheid" en 'n laer vlak van "emosionele helderheid" getoon. Daarteenoor word individue met 'n lae inname van transvette met meer positiewe en minder negatiewe effekte geassosieer en hulle kon hul emosies beter beheer. Hierdie bevindings strook met nog 'n studie van die Universiteit van Kalifornië wat bevind het dat daar 'n beduidende verband tussen 'n hoër inname van transvetsure en aggressie is. Anders gestel: meer transvette maak jou befoeterd.

5 'n Dieet ryk aan transvette word reeds aan hoë vlakke van cholesterol in die bloed gekoppel, wat hartaanvalle, hartsiektes en beroerte veroorsaak. Kenners is besorg dat die gevare van transvette vir die gemoed en geestesgesteldheid nog nie ernstig opgeneem word nie. Die dieet wat ons liggame verwoes, is ook besig om ons breine te verwoes, stel die Oxford navorser, dr. Alex Richardson, dit onomwonde in *The Guardian.*

6 Inflammasie is ons liggaam se gesonde reaksie om siekte te beveg. Maar wanneer dit handuit ruk, kan inflammasie chronies raak en tot vele gesondheidsprobleme lei, van outo-immuunsiektes tot kanker en depressie. Kosse hoog in suiker en versadigde vette kan inflammasie aanwakker, en dis hoekom sommige mense wat aan inflammatoriese toestande en outo-immuunafwykings ly, hulle tot laesuikerdiëte wend, berig *Time.* Gelukkig is daar talle voedselsoorte wat inflammasie teenwerk.

7 Die dieetkundige, Desiree Nielsen sê dat ons ons spens moet skoonmaak deur ontslae te raak van versnaperinge, bykosse en kitsmaaltye met bestanddele wat nie die gesonde kombuistoets slaag nie. As jy 'n bestanddeel sien waarmee jy nie kan kook nie, moet jy dit nie eet nie. Ons tweelingepidemies van spysverteringsiektes en inflammasie gaan hand aan hand. 'n Gesonde, funksionele maag bevolk deur gesonde bakterieë hou die immuunstelsel kalm.

8 Nielsen stel die volgende voor: "Beperk jou inname van alkohol, suiker, kaffeïen en rooivleis – dit meng alles met die gesondheid van jou spysvertering in. Voer jou maag en sy inwoners met probiotika, sink en heelplantvoedsel."

9 Om die afbrekende emosionele uitwerking van transvette teë te werk, word die volgende aanbeveel: verminder stres, slaap genoeg, hou op rook, oefen meer en neem meer van die volgende superkosse in wat jou gemoedstoestand 'n hupstoot gee, soos paprika en eet pere wat 'n hoë veselverskaffer is. Spinasie beskerm die liggaam teen molekules wat inflammasie veroorsaak en swart tee maak are oop en bevat antioksidante wat bekend is daarvoor dat hulle selle teen skade beskerm.

[Verwerk uit *Vrouekeur*, 14 Desember 2018]

**TEKS B: VISUELE TEKS**




[Verwerk uit: *Maroelamedia,* 15 Desember 2017]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Gee TWEE opeenvolgende woorde in die subteks wat by die woord 'positief' in die titel aansluit. (1)

1.2 Gemorskos is "trooskos". Stem jy saam na aanleiding van paragraaf 1? (1)

1.3 Wat word gesien as 'n gevolg van die inname van gemorskos met baie vet en suiker en waarmee kan dit vergelyk word? (2)

1.4 Waarom word die mens se gemoedstoestand dan deur gemorskos geaffekteer? (2)

1.5 Herlees paragraaf 3.

Watter ooreenstemmende sienswyse huldig drs. Lassale en Hallstrom? Kan hul uitsprake as geloofwaardig beskou word? Motiveer jou antwoord. (2)

1.6 Noem TWEE positiewe gevolge van 'n gesonde dieet. Is dit, na jou mening, moontlik om altyd 'n gesonde dieet te volg? Motiveer jou antwoord. (3)

Kopiereg voorbehou 

1.7 In paragraaf 3 benadruk prof. Helen S. Lampard dat huisartse/algemene praktisyns sekere aanbevelings aan hulle pasiënte maak wat aan chroniese siektes ly. Noem hierdie aanbevelings asook watter aanbeveling jy as die belangrikste beskou. Motiveer jou keuse. (3)

1.8 Noem die VIER negatiewe gevolge wat 'n hoër inname van transvetsure op die liggaam het. (4)

1.9 Waarom, dink jy, kan daar gesê word dat inflammasie nie net sleg is vir jou liggaam nie? (1)

1.10 Volgens die Amerikaanse dieetkundige, Desiree Nielsen, kan Jan Publiek wel sekere maatreëls tref om spysverteringsiektes en inflammasie te bekamp. Wat is jou reaksie/opinie hierop? Verduidelik jou sienswyse. (1)

1.11 Herlees paragraaf 9.

Noem enige EEN van hierdie sogenaamde superkosse. Sou jy sê dat dit wel moontlik is om jou gemoedstoestand op te kikker met die sogenaamde 'superkosse'? Motiveer jou antwoord. (2)

1.12 Noem enige epidemie wat volgens Desiree Nielsen amok saai onder die mens en gee 'n voorsorgmaatreël wat getref kan word om dit te bekamp. (2)

**VRAE: TEKS B**

1.13 Watter visuele leidraad in TEKS B dui daarop dat die Kersvader nie ingenome is met dit wat die seuntjie hom aanbied nie? (1)

1.14 Wat word met die eerste twee sinne van die seuntjie geïmpliseer? (1)

1.15 Hoe slaag die spotprent daarin om die fokus op oorgewig en gesond eet te plaas? (1)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.16 Herlees TEKS A (paragraaf 4) en TEKS B. Watter ooreenkoms is daar tussen dié paragraaf en die uitdrukking op die Kersvader se gesig? (1)

1.17 Herlees die onderstreepte sinne 1 en 3 in TEKS B. Waarom kan die seuntjie se woorde as manipulerend beskou word? Bespreek ook die ironie hiervan. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak ŉ opsomming van **SEWE wenke wat jy kan gebruik om 2020 jou jaar van GROOT sukses te maak.**

**LET WEL:**

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in duidelike, volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
2. Jy moet ŉ samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ŉ titel te gee nie
4. Dui die **getal woorde** aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**MAAK 2020 JOU BESTE JAAR OOIT!**

Die lewe is te kort om te veel onnodige foute te maak. Leer by ander en maak 2020 jou jaar van GROOT sukses. Soms is dit klein veranderinge wat ŉ groot verskil maak. Moenie volgende jaar nes 2019 aanpak nie. Staan ŉ tree terug en kyk hoe jy dit dalk anders en beter kan doen.

Begin die dag reg deur jou soggens ŉ paar kalm minute met jou beker koffie of tee te gun. Dit skud nie net jou brein aan die gang nie, dis ook die ideale tyd om jou dag te beplan en ŉ paar aantekeninge te maak oor dinge wat jy moet doen. Boonop is jy in goeie geselskap. Beethoven het glo presies sestig koffiebone vir sy oggendkoffie gebruik.

Daar is selde kortpaaie na sukses. Die meeste suksesvolle mense sal vir jou sê dat harde werk en toewyding die boustene vir sukses is. Moenie bang wees vir mislukkings nie. As jy nie waag nie, gaan jy nie wen nie, lui die spreekwoord. Jy weet nooit wanneer jou groot deurbraak sal aanbreek nie. ŉ Mens leer mos net deur jou foute. Jou grootste suksesse kan dus juis wag om te gebeur omdat jy nie bang is vir mislukkings nie.

Ons almal het daardie nare takies wat ons uitstel en uitstel. Kies dus ŉ dag soos ŉ Maandag of ŉ Vrydag en doen dan al die goedjies wat jy bly uitstel. Moenie net by uitstel bly nie!

Almal kan effens aan hul persoonlikheid skaaf, of deur opleiding nuwe kennis inwin, maar dit help nie jy probeer om iemand anders te wees nie. Die geheim is om jou uniekheid as jou persoonlike wapen in te span. So ding jy nie gedurig met ander mee nie.

Net omdat jy in jou jonger dae geglo het jy is nie goed genoeg met iets nie, beteken dit nie dit moet jou begrens of definieer nie. Moenie jouself onderskat nie – durf nuwe dinge aan.

Volgens navorsing kan verhoogde bloedtoevoer na jou brein probleemoplossing verbeter. Boonop is jou hippokampus – die deel van jou brein verantwoordelik vir leer en onthou – baie aktief wanneer jy oefen. Wees aktief, jy het nie meer motivering nodig nie.

[Verwerk uit *rooi rose,* Januarie 2018]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**



<u>Skoonma</u> met haar voorliefde vir foutsoek, <u>rissielose souttert</u> en suikerklontjies in haar koffie kom kuier.

***Dis nie 'n krisis nie.***




Suid-Afrika se grootste restaurant-gids is nou nog meer handig! Kies en keur uit meer as **6 000 restaurante** landswyd**.** Soek per area en ontdek die allerbeste opsies in die omgewing. Lees resensies van ander gaste en professionele resensente. Om op te som: <u>bekyk spyskaarte en foto's</u>. En bespreek jou tafel.

**LAAI DIE NUWE EET UIT APP NOU AF**

{Verwerk uit: *Die Burger,* 10 Maart 2019]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Watter stereotipering vind ons in reël 1 tot 6? (1)

3.2 Gee die meervoud van die eerste onderstreepte woord in reël 1. (1)

3.3 Verskaf die betekenisfunksie van die agtervoegsel van die onderstreepte woord in reël 3 en verdeel die woord in klankgrepe. (2)

3.4 Gebruik die bepaler van die onderstreepte woord in reël 4 in 'n woord sodat dit as die kern gebruik word. (1)

Kopiereg voorbehou 

3.5 Watter aanname kan die leser maak na aanleiding van reël 7? (1)

3.6 Watter boodskap wil die adverteerder met die donkergedrukte reël 7 oordra? (1)

3.7 Uit watter taal is die donkergedrukte woord in reël 10 ontleen? (1)

3.8 Skryf die onderstreepte sin in reël 13 in die ontkennende vorm. (1)


3.9 Identifiseer en skryf die woorde neer wat op samevatting dui. (1)
**[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS E




[Verwerk uit *Die Burger,* 25 Januarie 2019]

### VRAE: TEKS E

4.1 Verskaf 'n gepaste sinoniem vir die onderstreepte woord in RAAMPIE 1. (1)

4.2 Identifiseer die woord in RAAMPIE 1 wat deur assimilasie beïnvloed kan word. (1)

4.3 Skryf die afkorting wat in RAAMPIE 1 voorkom volledig uit. (1)

4.4 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die leeu se woorde in RAAMPIE 2? Benoem die skryfteken van die eerste woord in dieselfde sin. (2)

4.5 Benoem die onderstreepte werkwoord in RAAMPIE 4 volledig. (1)

4.6 Gebruik ʼn toepaslike skryfteken om die vetgedrukte woord in RAAMPIE 5 op ʼn ander manier as vetdruk te beklemtoon. (1)

4.7 Brei die ondersteepte sin in RAAMPIE 5 uit met ʼn onderwerp/voorwerpsin. (1)

4.8 Ondersteun die visuele voorstelling in RAAMPIE 9 die sin in hierdie raampie? Motiveer jou antwoord. (1)

4.9 Identifiseer en verbeter die spelfout in enige van die drie raampies van Mama Taxi. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Beantwoord die vrae wat op die teks gebaseer is.

**TEKS F**

## ONS LYWE PRAAT GOED SAAM

1 Biljoene is al verdien, dinastieë is gebou as gevolg van ons soektog na perfekte of beter lywe. Sommige wil maer wees, ander gespierd, ander pynloos, beeldskoon of (5.2) immer jeugdig. Sommige wil van verslawing ontsnap, ander smag (5.3) liefde, miljoene soek energie en genesing. En daar is raad vir alles, (5.4) kort-kort is daar ŉ nuwe onthulling in die nuus, dit maak nou siek, dit veroorsaak ellendes. En net so vinnig verskyn die oplossings, hierdie dieet, (5.5) daardie leefstyl, só ŉ oefening, só ŉ stroop, het jy gehoor van daardie inspuiting?

2 Ons is so pas aangewys as die 5.6 (ongesond) land ter wêreld, ook met die kortste (5.7) lewensverwagting. Dis die armoede sê hulle. Het hulle vergeet daar is talle lande op aarde met groter armoede? Daar is streke waar mense sonder kontak met die buitewêreld moet leef met net dit wat hulle self kweek of in die natuur opspoor.(5.8) Hier word van die oudste mense op aarde gevind, baie langer aktief as dié met moderne tegnologie, ook sonder allergieë en ongeneeslike toestande.

3 Ongelooflike krag en onvermydelike breekbaarheid, hierdie is albei kenmerke van die menslike liggaam, kosbare geskenke vir dié wat luister, ŉ ramp vir dié wat nie hoor nie. Die liggaam het ŉ geheue, dit wat lank gelede gebeur het, word in ŉ fisieke argief gebêre, dit wat nooit verwerk is nie, wag op erkenning en die nodige konfrontasie, wat die kop vergeet, sal die lyf onthou.

4 Mense vergeet dat hulle gerook het, lank gelede aanhoudend gefuif en gedrink het, ŉ ongeluk oorleef het, maar die lyf onthou. Ons moet anders eet, oefen, postuur verander, ŉ geveg beëindig, korrek asemhaal, kommer moet verdwyn, so word ons vertel, gereeld deur ander, altyd en eerstens deur ons lywe. (5.9) Leer lees is noodsaaklik, leer luister selfs meer.

[Verwerk uit *Sarie.com*, Mei, 2019]

Kopiereg voorbehou

## VRAE: TEKS F

5.1 Identifiseer die eerste diftong in die opskrif. (1)

5.2 Verskaf die antoniem van die onderstreepte woord. (1)

5.3 Skryf die ontbrekende voorsetsel neer. (1)

5.4 Verduidelik die gebruik van die koppelteken. (1)

5.5 Benoem die woordsoort volledig. (1)

5.6 Verskaf die oortreffende trap van die woord in hakies. (1)

5.7 Is hierdie woord ŉ voorbeeld van ŉ samestelling, afleiding of samestellende afleiding? (1)

5.8 Herskryf hierdie onderstreepte sin in die bedrywende vorm. (1)

5.9 Gebruik die skrywer in paragraaf 3 die woord 'breekbaarheid', denotatief of konnotatief? Gebruik hierdie woord se stam nou as ŉ sterk verlede deelwoord in ŉ duidelik verklarende sin. (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# AFRIKAANS HUISTAAL V1
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesstuk. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie, tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel nagesien word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE of EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Die nasien van ŉ aanhaling vereis dat die aanhaling 100% korrek aangehaal moet word.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 1.1 | "gemoed ophelder" | 1 |
| | | |
| 1.2 | Nee, dis onwaar, want die brein is sentraal by gevoelens en gewaarwordinge betrokke en die stelling is dus nie waar nie. /<br>**OF**<br>Nee, navorsers het bevind dat as iets sleg is vir die liggaam, dit ook sleg is vir die brein en kan dus nie as trooskos gesien word nie.<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan.* | 1 |
| | | |
| 1.3 | Dit veroorsaak sistemiese inflammasie in die maag en hele liggaam √<br>Die gevolge van die inname van gemorskos is dieselfde as ŉ rookgewoonte, besoedeling, vetsug en te min oefening. √ | 2 |
| | | |
| 1.4 | Chroniese inflammasie affekteer breinmolekules √<br>en neurotransmitters wat die gemoedstoestand reguleer. √ | 2 |
| | | |
| 1.5 | Beide verklaar dat ŉ slegte dieet die risiko van depressie aansienlik verhoog. √<br>Ja, hul uitsprake kan as geloofwaardig beskou word aangesien hulle kenners/kundiges op dié vakgebied is. √ | 2 |

Kopiereg voorbehou 

| | | |
|---|---|---|
| 1.6 | Dit verbeter die gemoedstoestand √<br>Dit verskaf meer energie √<br><br>Nee.<br>Vanweë mense se verskillende finansiële posisies kan nie almal 'n gesonde dieet volg nie /<br>**OF**<br>Ja.<br>As jy gesteld is op 'n gesonde dieet, sal jy nie gemorskos eet nie.<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir die EEN punt aan.* | 2<br><br>1 |
| | | |
| 1.7 | Sinvolle dieet – mense eet deesdae te veel gemorskos / kitskos en besef nie watter ongesonde kos hul inneem nie √<br>**OF**<br>Lewenstylveranderinge – mense wat aan chroniese siektes ly, moet bv. stresvolle situasies vermy/ meer oefening kry / daarop fokus om te ontspan aangesien stres chroniese siektes kan vererger √<br><br>Kandidaat voeg sy/haar belangrikste aanbeveling by met 'n gepaste motivering. √ | 3 |
| | | |
| 1.8 | Meer transvette maak jou befoeterd √<br>Hoër vlakke van cholesterol is in die bloed √<br>Hoër cholesterolvlakke lei weer tot hartaanvalle √<br>asook hartsiektes √<br>en beroertes √<br><br>*Enige VIER van bogenoemde.* | 4 |
| | | |
| 1.9 | Inflammasie is die liggaam se gesonde reaksie om siektetoestande te beveg. | 1 |
| | | |
| 1.10 | Sy stel voor dat 'n mens jou inname van alkohol, suiker, kaffeïen en rooivleis moet beperk.<br><br>Ek voel dis wel moontlik aangesien ons die gevare hiervan reeds lankal besef omdat dit deur navorsing gestaaf word.<br>**OF**<br>Ek voel dat dit nie moontlik is nie omdat dit vir baie mense 'n ontvlugting is en hulle deur die gebruik hiervan die lewe makliker kan hanteer.<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.11 | Paprika / spinasie / pere / swart tee √<br><br>*Enige EEN van hierdie superkosse*<br><br>Ja.<br>Dit is moontlik omdat hierdie voedselsoorte in byna alle huishoudings voorkom en is nie te duur vir die meeste mense nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>Dit is nie moontlik nie aangesien nie almal toegang het tot paprika, spinasie, pere en swart tee nie / nie almal hou van hierdie superkosse nie. | 2 |
| | | |
| 1.12 | Spysverteringsiektes / inflammasie √<br><br>Beperk jou inname van alkohol / suiker / kaffeïen / rooivleis √ | 1<br><br>1 |
| | | |
| 1.13 | Kersvader se gesigsuitdrukking, spesifiek se mondhoek wat afwaarts wys/ Kersvader se oog lyk ook nie baie vriendelik nie | 1 |
| | | |
| 1.14 | Die ma het besluit dat daar na Kersvader se gesondheid gekyk moet word en dus het sy die tradisionele versnaperinge vervang met meer gesonde eetgoed./ Die tradisionele melk en koekies is vervang met meer gesonde alternatiewe.√ | 1 |
| | | |
| 1.15 | Die spotprent wys ŉ volronde Kersvader / Kersvader het ŉ ronde maag. | 1 |
| | | |
| 1.16 | TEKS A praat van kitskos wat mense depressief en minder in beheer van hul emosies maak /dat transvette ŉ mens befoeterd maak.<br>TEKS B wys dat Kersvader nie gelukkig lyk nie en die seuntjie se woorde dui daarop dat Kersvader oorgewig / te vet is.<br><br>*Beide tekste moet aangespreek word vir EEN punt.* | 1 |
| | | |
| 1.17 | Die seuntjie se woorde kan die man se aksies manipuleer omdat hy Kersvader se gesondheid voorhou.<br><br>Die ironie is dat daar aanvanklik na Kersvader se gesondheid verwys word en wat vir hom tot voordeel is, maar in die laaste twee sinne noem die seuntjie eerstens dat sy ma bekommerd is oor die skoorsteen.<br><br>*Kandidaat moet BEIDE kante toon van die ironie vir EEN punt.* | 2 |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

### Nasien van die opsomming:

Tydens die nasien van die opsomming is die insluiting van geldige feite en die uitsluiting van irrelevante feite belangrik.

- **Opskrif/titel:** Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne,** in enige volgorde skryf.
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Indien 'n kandidaat meer as een paragraaf skryf, sien slegs die eerste paragraaf na.

- Punte word soos volg toegeken vir HT:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- ❖ Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die vereiste getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**LET WEL:** Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

**Antwoord: Die volgende feite MOET in PARAGRAAFVORM aangebied word.**

**Begin jou dag reg met 'n paar kalm minute en jou beker koffie of tee waartydens jy jou dag beplan. Harde werk met toewyding is die boustene vir sukses. Deur mislukkings leer jy uit jou foute. Moenie aanhoudend uitstel nie. Span jou uniekheid in as jou persoonlike wapen, want so ding jy nie met ander mee nie. Durf nuwe dinge aan en moenie jouself onderskat nie. Wees aktief, want dit verbeter jou probleemoplossingsvaardighede. (73)**

| **Aanhalings uit die teks:** | | **Eie woorde:** | |
|---|---|---|---|
| **1** | • **Begin die dag reg ... 'n paar kalm minute met jou beker koffie of tee te gun ... ook die ideale tyd om jou dag te beplan ...** | A | Begin jou dag reg met 'n paar kalm minute en jou beker koffie of tee waartydens jy jou dag beplan. |
| **2** | • **Die meeste suksesvolle mense sal vir jou sê dat harde werk met toewyding die boustene vir sukses is.** | B | Harde werk met toewyding is die boustene vir sukses. |
| **3** | • **Moenie bang wees vir mislukkings nie ... mens leer mos net deur jou foute.** | C | Deur mislukkings leer jy uit jou foute. |
| **4** | • **Moenie net by uitstel bly nie!** | D | Moenie aanhoudend uitstel nie. |
| **5** | • **Dit help nie jy probeer om iemand anders te wees nie ... so ding jy nie gedurig met ander mee nie.** | E | Span jou uniekheid in as jou persoonlike wapen, want so ding jy nie met ander mee nie. |
| **6** | • **Moenie jouself onderskat nie – durf nuwe dinge aan.** | F | Durf nuwe dinge aan en moenie jouself onderskat nie. |
| **7** | • **... verhoogde bloedtoevoer na jou brein kan probleemoplossing verbeter – Jou hippokampus is baie aktief wanneer jy oefen** | G | Wees aktief, want dit verbeter jou probleemoplossings-vaardighede. |

**(73 woorde)**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar ŉ afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek nie.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Dat alle skoonma's moeilike, foutsoekerige mense is. | 1 |
| | | |
| 3.2 | Skoonma's | 1 |
| | | |
| 3.3 | Lose = sonder √<br>ri-sie-lo-se √ | 2 |
| | | |
| 3.4 | Tafelsout | 1 |
| | | |
| 3.5 | Wanneer skoonma kom kuier, kan dit ŉ krisis veroorsaak. | 1 |
| | | |
| 3.6 | Die adverteerder beklemtoon dat dit beslis geen krisis sal wees nie. | 1 |
| | | |
| 3.7 | Frans | 1 |
| | | |
| 3.8 | Moenie spyskaarte en foto's bekyk nie! | 1 |
| | | |
| 3.9 | Om op te som | 1 |
| | | **[10]** |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | skat / beraam / voorspel / dink | 1 |
| | | |
| 4.2 | hoenders – hoeners | 1 |
| | | |
| 4.3 | dosyn | 1 |
| | | |
| 4.4 | dat studente nie juis studeer nie √<br>weglatingsteken √ | 2 |
| | | |
| 4.5 | Koppelwerkwoord | 1 |
| | | |
| 4.6 | wÍl | 1 |
| | | |
| 4.7 | Wat is **dit** wat jy my nie wil vertel nie? | 1 |
| | | |
| 4.8 | Ja, die taxi-bestuurder se oë is groot van verbasing/skok/ongeloof/die strepies by die bestuurder se oë dui op spanning/skok/sweet √ | 1 |
| | | |
| 4.9 | Renja**e**r | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5: ARTIKEL

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | l**y**we | 1 |
| | | |
| 5.2 | nooit / selde | 1 |
| | | |
| 5.3 | na | 1 |
| | | |
| 5.4 | die herhaling van woorde vereis ’n koppelteken | 1 |
| | | |
| 5.5 | aanwysende voornaamwoord<br><br>*Kandidaat moet die woordsoort volledig beantwoord vir EEN punt.* | 1 |
| | | |
| 5.6 | ongesondste | 1 |
| | | |
| 5.7 | samestellende afleiding | 1 |
| | | |
| 5.8 | Ons/hulle/jy/ek vind hier die oudste mense op aarde | 1 |
| | | |
| 5.9 | konnotatief √<br>Die dogtertjie se hart is gebroke na sy beide haar ouers in die motorongeluk verloor het. | 1<br><br>1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou